LWO WERKGEWERSORGANISASIE EMPLOYERS ORGANISATION




Geagte LWO lid

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike ontwikkelinge rakende die indiensneming van buitelandse burgers:

**Zimbabwiese Vrystellingspermitte ("Zimbabwean Exemption Permits" ZEP's)**

- ZEP's bly geldig tot 28 Mei 2027.
- ZEP-houers wat reeds aansoek gedoen het vir kwytskeldings of ander visums, mag wettiglik in Suid-Afrika bly woon en werk totdat hul aansoeke gefinaliseer is.

Die Minister van Binnelandse Sake het onlangs Direktief Nr. 7 van 2026 uitgereik, getiteld die ***"Extension of Temporary Concession for Foreign Nationals Related to Delayed Processing of Waiver, Visa and Appeal Applications."***

Hierdie direktief bepaal dat alle individue met hangende visum-, kwytskelding- of appèlaansoeke hul wettige status in Suid-Afrika tot **30 Junie 2027** behou. Die direktief is van toepassing op alle buitelandse burgers wat reeds in Suid-Afrika is en wag op die afhandeling van hul aansoeke.

**Wat beteken dit vir werkgewers?**

Werkgewers behoort die immigrasiestatus van alle buitelandse werknemers gereeld te verifieer en seker te maak dat:

- die werknemer 'n geldige reg het om in Suid-Afrika te woon en te werk;
- die spesifieke bepalings, voorwaardes en beperkings wat op die werknemer se visum of permit van toepassing is geïdentifiseer en nagekom word;

- afskrifte van permitte, visums en bewys van hangende aansoeke op lêer gehou word; en
- vervaldatums en die vordering van nuwe aansoeke deurlopend gemonitor word.

**Belangrike oorweging by arbeidsprosesse**
Werkgewers word ook daaraan herinner dat werknemers met hangende aansoeke wat deur hierdie toegewing gedek word, nie bloot ontslaan kan word op grond van 'n beweerde gebrek aan geldige werkstatus sonder behoorlike oorweging van die toepaslike wetlike bepalings, sowel as nakoming van die vereiste prosedures nie.

**Verhoogde inspeksies en afdwinging**
Lede moet daarop let dat die Departement van Indiensneming en Arbeid, in samewerking met die Departement van Binnelandse Sake en ander wetstoepassingsagentskappe, inspeksies by werksplekke oor die afgelope maande verskerp het. Spesifieke fokus word geplaas op die indiensneming van ongedokumenteerde buitelandse burgers. Werkgewers wat persone sonder die vereiste magtiging om te werk in diens neem, kan beide kriminele aanklagte en administratiewe boetes in die gesig staar.

Indien u onseker is oor die status van enige buitelandse werknemer, of advies benodig oor dissiplinêre, ongeskiktheids- of ander arbeidsverwante prosesse waarby buitelandse werknemers betrokke is, kontak asseblief die LWO by 0861 101 828 vir bystand met die wettige en billike hantering van hierdie sake.

Vriendelike groete
Die LWO Werkgewersorganisasie

---

LWO Employers Organisations
Eenheid 16 Central Office Park, 257 Jeanlaan, Centurion, South Africa

Jy het hierdie e-pos ontvang omdat jy 'n lid van die LWO Werkgewersorganisasie is.

Teken uit